**Dinsdag 15 November**

**Skrifgedeelte: Job 7:11-21**
**Fokusgedeelte: Job 7:17 (1933/53- en 1983-vertaling)**

## God dra die mens op die hart

Het jy al ooit so gevoel? “Ek wil nie meer nie … laat my staan” (Job 7:16). In moedeloosheid roep Job uit.

Die bemoeienis wat die Here met Job maak, druk swaar op hom. Hy voel asof die Here hom uitgesonder het om hom te toets en op die proef te stel. Sy seuns en dogters is dood en sy eie liggaam is vol pynlike swere. Hoekom laat die Here hom nie nou maar met rus sodat hy in kalmte kan heengaan nie? Die Here hoef nie bang te wees dat hy iets teen Hom sal doen nie; die lewe van ’n mens is, in verhouding met die ewigheid by God, tog maar ’n nietigheid!

God maak bemoeienis met sy kinders op die aarde. Dit wat vir Job swaar was om te verstaan, is vir Dawid ’n groot seën om te begryp. Psalm 139 gaan ook oor God se konstante bemoeienis met sy kinders, en ons moet in verwondering daaroor staan. Ons staan in ’n verbondsverhouding met God deur ons geloof in sy Seun, Jesus Christus. Ons moet Hom elke dag beter leer ken.

Sou dit nie wonderlik wees as ons almal kan sê dat ons eerste gedagte as ons in die oggend wakker word, oor God is nie – en dan aangaan om aan Hom te dink die hele dag lank. Hy dra ons immers op die hart!

*Sing: Psalm 139:1, 12 (1936)*

*Dr. J (Jan ) Lion-Cachet (Klerksdorp)*